Sing vooraf: Psalm 34:7

7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Skrifberyming 5-4:1-2 (10:1, 2)

1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?

2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm19:5 (p. 83)

Wet

Psalm 19:5 (p. 83)

5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 96:6 (p. 481)

6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy –
dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Skriflesing: 2 Timoteus 3

Teks: 2 Timoteus 3:5

. . . mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af . . .
(2 Timoteus 3:5 AFR1953)

Die Here het ons lief. Maar Hy laat ons ook lewe in tye waarin ons wêreld plek-plek goddelose regerings het, maar ook talle mense in leiersposisies in sy kerk wat nie volgens sy wil leef en die mense lei nie.

Hierdie Bybelgedeelte openbaar aan ons hoe verkeerde mense wat direk voor die wederkoms lewe, se ingesteldheid en beginsels lyk.

- Die Here wil ons teen hierdie mense waarsku – terwyl ons nog in ’n tyd lewe waarin sy Woord nog gebruik word.
- Omdat die Here ons liefhet, openbaar Hy hierdie mense aan ons. Hy wil hê ons moet hulle kan uitken en nie soos hulle wees nie.
- Sy genade sal ons lei om anders as hulle te wees.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende saak: **Die karakter van die mens van die eindtyd.**

Die Here self beskryf die tyd as ’n tyd van afval en geloofsverdraaiing/verloëning.

- Vir die ongelowiges sal dit ’n ‘Paradystyd’ wees,
- maar vir die gelowiges sal dit skrikwekkend wees, want die mense gaan van twee dinge af wegbreek:
    - Hulle sal totaal breek met die liefdesgebod (of dit verdraai), en
    - hulle sal totaal wegbreek van God se Woord af.

Vergelyk hiervoor die volgende uitsprake:

> **waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie** (1 Timoteus 1:6-7 AFR1953)
>
> **Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.** (1 Timoteus 4:1-3 AFR1953)

Dit is noodwendig so dat daar onder die mense van die eindbedeling allerhande gruwelike sondes gaan begin posvat.

- Dit is veral die tweede tafel van die Tien Gebooie wat by hierdie mense in die slag bly.
- Die Here openbaar dat daar ’n algemene onwettigheid onder hierdie mense sal heers – hulle sal alle eise van die Here uit hulle lewens uitban en alle sedes soos wat ons dit vandag ken, uit God se Woord, sal verwerp wees:

  > **En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.** (Matteus 24:12 AFR1953)
  >
  > **Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.** (Matteus 24:38-39 AFR1953)
  >
  > **En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende ’n tyd en tye en die helfte van ’n tyd.** (Daniel 7:25 AFR1953)
  >
  > **Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.** (2 Tessalonisense 2:3-4

AFR1953)

en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak," (2 Tessalonisense 2:8 AFR1953)

Uitsonderings sal daar altyd wees, want die ware gelowiges sal altyd anders wees as hierdie mense wat in algemene geloofsboewery verval. Daarom openbaar die Here sy besorgdheid en sy leiding oor die gelowiges.

- Dit is waarom die gedeelte begin met 'n bevel: **Maar weet dit . . .**
- Hierdie bevel beklemtoon die atmosfeer tydens die eindtoestand asook die erns van die eindtoestand.
- Hierdie bevel berei die gelowiges wat hierdie tyd gaan deurmaak daarop voor dat hulle goed moet begryp wat alles aan die gang is.

Die algemene karaktertrekke van die mense van die eindtyd word met 'n rede aan ons geopenbaar:

- Om die werklike agteruitgang van hierdie mense se sielelewe te kan verstaan, moet ons teruggaan na die skepping toe en gaan kyk hoe die mens was toe die Here hulle gemaak het.
- Eerste het die Here gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld en ons gelykenis.
- Die Here het dit toe inderdaad ook so gedoen. Adam en Eva was volmaakte beelddraers van God.

  En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.
  (Genesis 1:26 AFR1953)

Maar Adam en Eva het hierdie beeld van die Here in hulle geskend toe hulle in sonde geval het.

- Die Here het hulle toe gestraf en die aarde vervloek omdat Adam ongehoorsaam was.
- Na daardie gebeurtenis het Adam en sy vrou, en veral hulle nageslagte, al hoe meer en meer verander.
- Hulle het slegter geword omdat die sonde al hoe meer die beeld van God in hulle geknou het.

Hierdie gedeelte in 2 Timoteus 3 is een van die gedeeltes wat aan ons openbaar hoe en waarheen die finale ontwikkeling van die sondeval die mens geneem het:

- Die mense van die eindtyd is so vervorm deur die sonde dat hulle eerder die beeld van die Satan as die beeld van die Here vertoon.
- Adam en Eva was baie goed geskape, maar soos wat die sondeval deur die eeue op die mens ingewerk het, is die eindproduk 'n mens wat in volslae etiese ontaarding lewe.

Sedelike verderf sal nie meer net plek-plek of kol-kol voorkom nie; dit sal die algemene tydsgees wees.

- U moet net in gedagte hou dat in die tyd wanneer hierdie mense lewe, die dier/antichris die regeerder sal wees op die aarde.
- As ons dit in gedagte het, sal ons besef dat Openbaring 13:8 van dieselfde mense praat as ons teksgedeelte.
- Daar is die invalshoek net effens anders: Daar openbaar die Here dat almal op die aarde wie se naam nie in die Boek van die Lewe geskryf staan nie, die dier aanbid.

In 2 Timoteus 3 word die omvang van hierdie verdorwenheid geteken met 'n beskrywing wat uit baie woorde bestaan.

- Die oorheersende dinge word eerste genoem, naamlik die karikatuur van liefde wat onder die mense sal ontwikkel.
- Dit sal uiteindelik net gaan oor hulleself (Romeine 13:10). Liefde vir God en die naaste sal heeltemal verdwyn.

Die neerslag van so ’n liefde het ’n paar noodwendighede, naamlik selfsugtigheid en hebsugtigheid:

- Geldgierigheid. ’n Verkeerde liefde vir jouself loop uit op ’n liefde vir stoflike dinge wat jy aan jouself kan vasplak.
- Ons het in ons tyd ’n ander naam daarvoor as wat Paulus daarvoor geken het: Ons noem dit materialisme – maar dit is die ding waarteen Paulus ons waarsku.

Die verkeerde liefde openbaar hom in sy verderflikheid nog verder.

- Sulke mense praat groot.
- Daar is onder hulle ’n gepronk en hoogmoedigheid.
- Hulle misbruik die geestesgawes wat God gegee het.

Waar daar nie ware liefde is nie, bly haat teenoor ander mense nie uitgesluit nie.

- Daarom kom daar laster voor tussen die mense, want hulle onteer en smaad mekaar.
- Selfs natuurlike liefdesbande, soos gesinsbande, kom in gedrang, want die kinders sal opstandig wees teen hulle ouers.

In die algemeen sal mense ondankbaar wees teenoor God en mense vir enige weldaad wat aan hulle gedoen word.

- Die konsekwensies daarvan is dat die mense van die eindtyd elke ding wat hulle wil hê, as hulle reg sal beskou.
- Hulle sal dit opeis asof hulle dit moet hê.
- Dan sal hulle glo dat hulle die prestasie self bereik/verwerf het.

Ons kan al hierdie dinge goed verstaan, want dit is dinge wat elke dag voorkom in ons samelewing.

Die waarskuwing van die Here is baie ernstig, want Hy openbaar hoe die liefdeloosheid hierdie mense uiteindelik heeltemal verrot maak.

- Alle liefde wat hulle in hulle behoort te hê, sal geblus wees – dit is waarom hulle onversoenlik sal wees.
- Is dit nie so dat mense in ons tyd al al hoe meer onklaarkomstig is nie?
- Die beeld van die duiwel kom al hoe sterker na vore: rusiemakery, kwaadpratery en beskinder van mense teken die volstrekte mag wat die duiwel mettertyd oor mense kry.

Daar is nog meer eienskappe wat onder die eindtydmense voorkom. By alles wat reeds genoem is, sal hulle ook nog bandeloos wees. Sonder selfbeheersing (bandeloos) beteken baie dinge:

- Hierdie mense sal ’n willoosheid en stuurloosheid in hulle omdra – omdat die duiwel hulle beheers.
- Dit beteken ook dat hulle hulle eie denke en temperament nie meer kan regeer nie.
- Hulle het totaal slawe van die mag van die hel geword.
- Kyk maar net in ons tyd na die mag wat vakbonde oor hulle lede het, en na die geweldige houvas wat groepsdruk op ons kinders het.

Daarby kom wreedheid:

- Die woord beteken eintlik iets soos om verwilderd, sonder beskawing en ongemanierd te wees

– iets soos wat ons terugkry in die geaardheid van ’n roofdier.
- Dit is alles dinge waarteen die Here ons waarsku, want die mense wat hierdie punt bereik, het reeds alle liefde uit hulle sisteem uitgeskud.

Die Here vra van ons trou en betroubaarheid. Dit kom ook nie by hierdie eindmens voor nie.
- Die Here openbaar aan ons dat die oomblik wanneer die woeste en die dierlike te voorskyn tree, alle bande gebreek is.
- Daarom is dit glad nie verbasend dat die mense verraaiers is en roekeloos raak nie, want hulle stort hulle self berekend in die kwaad in – wat uiteindelik in die hel eindig.

Alle nadenke en goeie verstand het uitgedryf geraak. Die oorsaak is natuurlik hulle verwaandheid en selfliefde wat hulle benewel

> **Hy moet nie ’n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.** (1 Timoteus 3:6 AFR1953)
>
> **. . . dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het ’n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog,**
> (1 Timoteus 6:4 AFR1953)

Kyk na die verskil tussen ons en die leuenaars van wie die Here praat:

> **. . . mense wat ’n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.** (2 Timoteus 3:5 AFR1953)

Ons het nie ’n gedaante van Godsaligheid nie.
- Hierdie mense van wie die Here praat, is dus duiwels wat in die kerk is, maar hulle kamoefleer hulleself soos wat ’n trapsuutjies dit doen.
- Hulle is nie Godsalig nie – hulle gee net voor dat hulle so is!

Ons is nie nabootsers nie. Ons is Godsalig. Die Here Jesus het ons dit gemaak. Daarom sê Hy dat ons ons van daardie soort mense moet afskei:

> **Keer jou ook van hierdie mense af . . .** (2 Timoteus 3:5 AFR1953)

Die Here wil nie hê dat hulle op ons moet afgee of dat ons by hulle moet aanleer om ook so te wees nie.

Waar staan ons? Hierdie antwoord is maklik vir iemand wat die Here Jesus Christus ken. Aan die Nagmaaltafel het Hy ons juis verseker dat Hy ons ten volle met God versoen het!
- Dit beteken dat ons innerlik deur Hom verander is.
- Sy Heilige Gees werk ook hierdie verandering aanhoudend in ons.

In die hiernamaals is daar geen valse mens nie.
- Daar is ook geen mens of engel wat voorgee nie.
- Hulle is dan reeds almal saam met die duiwel deur God se oordeel uitgesorteer.
- In die hiernamaals staan mense voor God se troon en juig – mense wat almal in hulle wese Godsalig is.

  > **Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ’n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met ’n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!** (Openbaring 7:9-10 AFR1953)

Daardie mense is ons!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 144:1, 6 (p. 691)

1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

6 Welsalig – dus hef ek my slotsang aan – welsalig is die volk wie 't so mag gaan!
Welsalig hul wat by die groot genot / van volle heil, die Heer het tot hul God!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 September 2009

[Die gedeelte wat ons gelees het, staan in 'n sekere sin teenoor 1 Timoteus 4:1vv. omdat daar vertel word van dinge wat in die voortgang van die geskiedenis voorkom, terwyl hierdie gedeelte hom toespits op die laaste dae. (Vgl. Jesaja 22; Handelinge 2:17; 2 Petrus 33). Dit is dus twee verskillende tydperke van die geskiedenis wat hier deur die Here geopenbaar word.]